From the northernmost corner beacon of Portion 19 of the farm Eisenberg 78 generally south-eastwards along the boundaries of the following properties so as to include them in this area viz; — Portion 19 of the farm Eisenberg 78; Portion 8 of the farm Railway Reserve 459; Portion 1 of the farm Railway Reserve 459; Portion A of the farm Quelldamm 110 to the easternmost corner-beacon of the last-mentioned property; thence generally south-westwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area viz; — Portion D of the farm Quelldamm 110; Portion 21 of the farm Quelldamm 110; the farm Quelldamm 110; and Railway Reserve, to the northernmost corner beacon of Portion B of the farm Quelldamm 110; thence in a northwesterly direction along the prolongation of the north-eastern boundary of the last-mentioned property to the point where it meets the southeastern boundary of Portion B of the farm Otjimbonde 85; thence north-eastwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area viz; — the said Portion B of the farm Otjimbonde 85; Portion 3 of the farm Otjimbonde 85; Portion B of the farm Otjimbonde 85; the farm Otjimbonde 85 and the farm Eisenberg 78 to the point first named.

No. 48 of 1972.]

**TOWNSHIP OF OMARURU:
REDEFINITION OF BOUNDARIES.**

Under and by virtue of the provisions of section 7 (1) (b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) I do hereby amend the boundaries of the Municipality of Omaruru and define them anew as set out in the Schedule.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 16th day of June 1972.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator.

SCHEDULE.

Beginning at the northernmost corner beacon of portion B of the farm Omaruru Town and Townlands 85;

daarvandaan in 'n algemeen suidoostelike rigting langs die grense van gedeelte F van die plaas Kakombo 90 om dit uit hierdie gebied uit te sluit sodat die Spoorwegreserwe wat uit laasgenoemde eiendom uitgesluit is, ook uit hierdie gebied uitgesluit word tot by die verste noordelike hoekbaken van erf 212, Omarurudorp; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die grense van die volgende eiendomme om hulle by hierdie gebied in te sluit, naamlik, genoemde erf 212; erf 371 (straat); erf 161; erf 376 (rivier); erf 147; erf 329; erf 328 en erf 330 tot by die verste oostelike hoekbaken van laasgenoemde eiendom; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die grense van die volgende eiendomme om hulle by hierdie gebied uit te sluit, naamlik, perseel 1 van Omaruru-nedersetting; gedeelte K van die plaas Kakombo 90; gekonsolideerde plaas Loskop 163; gedeelte 1 (Spes Bona) van die plaas Kamombonde Ost 86; die plaas Kamombonde West 80; tot by die punt waar die noordwestelike grens van laasgenoemde eiendom die oostelike grens van die Spoorwegreserwe kruis; daarvandaan noordwaarts langs die genoemde oostelike grens van die Spoorwegreserwe tot waar dit die suidoostelike grens van gedeelte D (Norman-spoorwegslyyn) van die plaas Omarurudorp en -dorpsgrond 85 kruis; daarvandaan algemeen noordweswaarts langs die grense van genoemde gedeelte D (Norman-spoorwegslyyn) van Omarurudorp- en -dorpsgrond 85 om dit by hierdie gebied uit te sluit tot waar die noordwestelike grens die oostelike grens van die Spoorwegreserwe kruis; daarvandaan noordwaarts langs die genoemde oostelike grens van die Spoorwegreserwe tot waar dit die verlenging (in 'n suidoostelike rigting) van die noordoostelike grens van gedeelte 5 (Okapekaha) van gedeelte B van die plaas Omarurudorp en -dorpsgrond 85 kruis; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by die verste oostelike hoekbaken van gedeelte C van die plaas Omarurudorp en -dorpsgrond 85; daarvandaan algemeen weswaarts langs die grense van die volgende eiendomme om hulle by hierdie gebied uit te sluit, naamlik gedeelte C van

Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 5 (Okapekaha)
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 20
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 5 (Okapekaha)
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 19
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 18
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 21
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 17
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; gedeelte 16
 Omarurudorp en -dorpsgrond 85; tot by die verste westelike hoekbaken van laasgenoemde eiendom; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die verste noordelike hoekbaken van die plaas Ovimbarra 127; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by die beginpunt.

thence in a generally south-easterly direction along the boundaries of portion F of the farm Kakombo 90 so as to exclude it from this area, also excluding the Railway Reserve which is excluded from the last-mentioned property to the northernmost corner beacon of erf 212, Omaruru Township; thence in a generally south-easterly direction along the boundaries of the following properties so as to include them in this area, viz; the said erf 212, erf 371 (street), erf 161, erf 376 (river), erf 147, erf 329, erf 328 and erf 330 to the easternmost corner beacon of the last-mentioned property; thence in a generally south-easterly direction along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area, viz.; Lot 1 of Omaruru Settlement; portion K of the farm Kakombo 90; consolidated farm Loskop 163; portion 1 (Spes Bona) of the farm Kamombonde Ost 86; the farm Kamombonde West 80 to the point where the north-western boundary of the last-mentioned property intersects the eastern boundary of the Railway Reserve; thence northwards along the said eastern boundary of the Railway Reserve to the point where it intersects the south-eastern boundary of portion D (Norman Railway Siding) of the farm Omaruru Town and Townlands 85; thence in a generally northwesterly direction along the boundaries of the said portion D (Norman Railway Siding) of the farm Omaruru Town and Townlands 85, so as to exclude it from this area, to the point where the north-western boundary intersects the eastern boundary of the Railway Reserve; thence northwards along the said eastern boundary of the Railway Reserve to the point where it intersects the prolongation (in a southeasterly direction) of the north-eastern boundary of portion 5 (Okapekaha) of portion B of the farm Omaruru Town and Townlands 85; thence in a straight line to the easternmost corner beacon of portion C of the farm Omaruru Town and Townlands 85; thence in a generally westerly direction along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area, viz:

Portion C of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 5 (Okapekaha) of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 20 of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 5 (Okapekaha) of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 19 of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 18 of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 21 of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 17 of the farm Omaruru Town and Townlands 85
 Portion 16 of the farm Omaruru Town and Townlands 85 to the westernmost corner beacon of the last-mentioned property: thence northwestwards in a straight line to the northernmost corner beacon of the farm Ovimbarra 127; thence in a straight line to the point of beginning.

Goewermentskennisgewings.

Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 106.]

[1 Julie 1972.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN WHISKY.

Ek, Hendrik Johannes Philippus Lubbe Kruger, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen by artikel 3 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964) wysig hierby ingevolge artikels 4, 11 en 15 van genoemde Wet, *Offisiële Koerant* Kennisgewing 38 van 1 Maart 1972 deur paragraaf 2 daarvan deur die volgende paragraaf te vervang: —

„2. Die maksimum prys waarteen iemand whisky vir buiteverbruik mag verkoop is die kosprys van die whisky vir hom plus 30 persent van sodanige kosprys.”

H. J. P. L. KRUGER,
Adjunk-pryskontroleur.

No. 107.]

[1 Julie 1972.

ORDONNANSIE INSAKE HEFFINGS EN BYDRAES VIR INBOORLINGBEHUISING 1961.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie Insaake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) die onderstaande verdere wysiging goedgekeur van Goewermentskennisgewing 201 van 1964 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 71 van 1967, 149 van 1968 en 115 en 138 van 1970.

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND.

Vervang die syfer „50c” waar dit voorkom na die woord „Swakopmund” in paragraaf (ii) van Goewermentskennisgewing 71 van 1967 deur die syfer „75c”.

No. 108.]

[1 Julie 1972.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243, gelees met artikels 242 (22) en 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 106.]

[1 July 1972.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF WHISKY.

I, Hendrik Johannes Philippus Lubbe Kruger, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers conferred on me by the Price Controller, in terms of section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964) do hereby amend under sections 4, 11 and 15 of the said Act, *Official Gazette* Notice 38 of 1 March 1972, by substituting the following paragraph for paragraph 2 thereof: —

“2. The maximum price at which any person who sells whisky for off-consumption may sell whisky is the cost of the whisky to him plus 30 per cent of such cost.”

H. J. P. L. KRUGER,
Deputy Price Controller.

No. 107.]

[1 July 1972

NATIVE HOUSING LEVY AND CONTRIBUTIONS ORDINANCE, 1961.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 3 of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) approved the following further amendment to Government Notice 201 of 1964 as amended by Government Notices 71 of 1967, 149 of 1968 and 115 and 138 of 1970.

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND.

Substitute the figure “75c” for the figure “50c” where it appears after the word “Swakopmund” in paragraph (ii) of Government Notice 71 of 1967.

No. 108.]

[1 July 1972.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 243 read with sections 242 (22) and 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment to the regula-

van die regulasies op die Munisipaliteit van Walvisbaai toegepas by Goewermentskennisgewing 6 van 1956, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 26 en 115 van 1956, 131 en 262 van 1957, 161 en 263 van 1959, 168 van 1961, 151 van 1962, 1 van 1963, 173 van 1965, 96 van 1966, 28 van 1967, 68 en 96 van 1968 en 66 van 1969.

MUNISIPALITEIT WALVISBAAI:

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

(1) Vervang tariewe (a), (b) en (c) van Bylae C deur die volgende:

„(a) *Leegmaak van vullishouers:*

Per vullishouer van 0,085 m³ per maand
(maandeliks vooruitbetaalbaar) . . . R1,10

(b) *Addisionele vullisverwyderings:*

Vir addisionele vullisverwyderings per
vrag of gedeelte daarvan, betaalbaar na
verwydering elke maand . . . R3,50.”

(2) Hernommer tariewe (d) en (e) na (c) en (d) onderskeidelik.

No. 109.]

[1 Julie 1972.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243, gelees met artikels 242 (1) en 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 61 van 1960, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 98 van 1962, 163 van 1964, 125 van 1967, 114 van 1968, 11 en 141 van 1969 en 117 van 1970.

MUNISIPALITEIT WALVISBAAI:

WYSIGING VAN VLEIS- EN SLAGPLAAS-
REGULASIES.

Vervang tarief (a) van Bylae „A” deur die volgende:

„(a) *Slag-, inspeksie- en kraalgelde:*

	<i>Per stuk:</i>
(i) Beeste (45 kg en meer) . . .	R3,20
(ii) Kalwers (onder 45 kg) . . .	R1,20
(iii) Skape en bokke . . .	R0,85
(iv) Varke (45 kg en meer) . . .	R2,50
(v) Varke (onder 45 kg) . . .	R1,30”

No. 110.]

[1 Julie 1972.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 237 van 1966, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 199 van 1967 en 87 van 1969.

tions applied to the Municipality of Walvis Bay by Government Notice 6 of 1956, as amended by Government Notices 26 and 115 of 1956, 131 and 262 of 1957, 161 and 263 of 1959, 168 of 1961, 151 of 1962, 1 of 1963, 173 of 1965, 96 of 1966, 28 of 1967, 68 and 96 of 1968 and 66 of 1969.

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY:

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

(1) Substitute the following for tariffs (a), (b) and (c) of Schedule C:

“(a) *Emptying of refuse receptacles:*

Per receptacle of 0,085 m³ per month
(payable monthly in advance) . . . R1,10

(b) *Additional refuse removals:*

For additional refuse removals per load
or part thereof, payable monthly in ar-
rear . . . R3,50.”

(2) Renumber tariffs (d) and (e) to (c) and (d) respectively.

No. 109.]

[1 July 1972.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 243, read with sections 242 (1) and 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment to the regulations promulgated by Government Notice 61 of 1960, as amended by Government Notices 98 of 1962, 163 of 1964, 125 of 1967, 114 of 1968, 11 and 141 of 1969 and 117 of 1970.

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY:

AMENDMENT OF MEAT AND ABATTOIR
REGULATIONS.

Substitute the following for tariff (a) of Annexure “A”:

“(a) *Slaughtering, inspection and lairage fees:*

	<i>Per head</i>
(i) Cattle (45 kg and over) . . .	R3,20
(ii) Calves (under 45 kg) . . .	R1,20
(iii) Sheep and goats . . .	R0,85
(iv) Pigs (45 kg and over) . . .	R2,50
(v) Pigs (under 45 kg) . . .	R1,30”

No. 110.]

[1 July 1972.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 14 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) approved the following amendment to the regulations promulgated by Government Notice 237 of 1966 as amended by Government Notices 199 of 1967 and 87 of 1969.

DORPSBESTUUR VAN WITVLEI:

WYSIGING VAN SANITASIEREGULASIES.

1. Hernommer regulasie 18 na 18 (1) en voeg die volgende subregulasies daarna by:

„18 (2) Die Bestuur bepaal die bedrag wat elke okkupeerder van 'n perseel waar die Bestuur 'n diens lewer by wyse van deposito moet betaal. Sodanige deposito berus, waar moontlik, op die geskatte bedrag verskuldig deur 'n okkupeerder vir een maand se normale diens verrig deur die Bestuur met 'n minimum bedrag van R5,00.

(3) Geen deposito ingevolge subregulasie (2) betaal dra rente nie.”

2. Voeg die volgende paragraaf by aan die einde van Bylae A:

„Laatgelde:

Waar rekenings na die 25ste dag van die maand wat volg op die maand waarin die dienste gelewer is, nog onbetaald is, word 'n laatgeld van 50c per maand gehef.”

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF WITVLEI:

AMENDMENT OF SANITATION REGULATIONS.

1. Renumber regulation 18 to 18 (1) and add the following subregulations at the end thereof:

“18 (2) The Board shall determine the amount payable by way of deposit by every occupier of premises where the Board provides a service. Such deposit shall, where possible, be based on the estimated amount due by a occupier for one month's normal service executed by the Board with a minimum amount of R5,00.

(3) No deposit paid in terms of subregulation (2) shall bear interest.

2. Add the following paragraph at the end of Schedule A:

“Late fees:

Where accounts are not paid on the 25th day of the month following the month during which service was rendered a late fee of 50c a month shall be levied.

No. 111.]

[1 Julie 1972

WLOTZKASBAKEN:

WYSIGING VAN REGULASIES.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 van die Strandordnansie 1958 (Ordonnansie 37 van 1958) die regulasies soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 144 van 15 Desember 1969 soos volg te wysig:

- (i) Deur die vervanging van die woorde “Afdeling Plaaslike Bestuur” en die omskrywing daarvan in regulasie 1 met die woorde “Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling” die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel by artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970 (Ordonnansie 19 van 1970)';
- (ii) deur die vervanging van die woorde „Administrasie van Suidwes-Afrika” en die omskrywing van „op-sigter” in regulasie 1 deur die volgende woorde „Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling of sy gevolgmagtigde”;
- (iii) deur die vervanging van die woorde „Administrasie van Suidwes-Afrika” in regulasie 4 (b) deur die woorde „Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling”;
- (iv) deur die vervanging van die woord „Administrateur” in regulasie 4 (c) deur die woorde „Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling”; en
- (v) deur die skraping van die woord „ander” waar dit voorkom tussen die woorde „enige” en „persoon” in regulasie 5.

No. 111.]

[1 Julie 1972

WLOTZKASBAKEN.

AMENDMENT OF REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 3 of the Sea-shore Ordinance, 1958 (Ordinance 37 of 1958) to amend the regulations promulgated under Government Notice 144 of 15 December 1969 as follows:

- (i) By the substitution for the words “Local Government Branch” and its definition in regulation 1 of the following words: “Peri-Urban Development Board” means the Peri-Urban Development Board instituted by section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970)';
- (ii) by the substitution for the words “Administration of South West Africa” in the definition of “overseer” in regulation 1 of the following words: “Peri-Urban Development Board or its plenipotentiary”;
- (iii) by the substitution for the words “Administration of South West Africa” in regulation 4 (b) of the words “Peri-Urban Development Board”;
- (iv) by the substitution for the word “Administrator” in regulation 4 (c) of the words “Peri-Urban Development Board”; and
- (v) by the deletion of the word “other” where it occurs between the words “any” and “person” in regulation 5.

No. 112.] [1 Julie 1972. No. 112.] [1 July 1972.
ORDONNANSIE OP WINKELURE EN WINKEL-BEDIENDES 1939: **SHOP HOURS AND SHOP ASSISTANTS ORDINANCE, 1939:**

WYSIGING VAN OPENINGS- EN SLUITINGSURE: USAKOS MUNISIPALE GEBIED. **AMENDMENT OF OPENING AND CLOSING HOURS: USAKOS MUNICIPAL AREA.**

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3 (2) van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie 15 van 1939) die openings- en sluitingsure voorgeskryf by artikel 3 (1) van genoemde ordonnansie binne die regsgebied van die Munisipaliteit Usakos, maar uitsluitende enige dorp of uitbreiding daarvan gestig ingevolge die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) vir bewoning deur Kleurlinge en enige lokasie of inboorlingwoongebied afgesonder ingevolge die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) vir gebruik of bewoning deur Inboorlinge, soos volg gewysig:

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 3 (2) of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939 (Ordinance 15 of 1939) amended the opening and closing hours prescribed by section 3 (1) of the said ordinance in respect of the Municipal Area of Usakos, but excluding any township or extension thereof established in terms of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) for occupation by Coloureds and any location or Native village set apart in terms of the Native (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951) for use or residence by Natives, as follows:

Weeksdae,	Openingsure	Sluitingsure
behalwe Saterdag	08.00	21.00
Saterdag	08.00	13.00

Weekdays,	Opening hours	Closing hours
except Saturdays	08.00	21.00
Saturdays	08.00	13.00

No. 113.] [1 Julie 1972. No. 113.] [1 July 1972.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 (3) gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 98 van 1968.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 243 (3) read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendments to the regulations published under Government Notice 98 of 1968.

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS:

MUNICIPALITY OF GOBABIS:

WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERS-REGULASIES.

AMENDMENT OF DRAINAGE AND PLUMBING REGULATIONS.

Vervang tarief B 1 (g) (h) en (i) van skedule C deur die volgende:

Substitute the following for Tariff B 1 (g) (h) and (i) of Schedule C:

- (g) Besighede — vir elke waterkloset . . . R6,00
- (h) Tronke — vir elke waterkloset . . . R6,00
- (i) Hospitale en verpleeginrigtings — vir elke waterkloset . . . R6,00

- (g) Business premises — for each water closet R6,00
- (h) Gaols — for each water closet . . . R6,00
- (i) Hospitals and nursing homes — for each water closet . . . R6,00

No. 114.] [1 Julie 1972. No. 114.] [1 July 1972.

ORDONNANSIE INSAKE HEFFINGS EN BYDRAES VIR INBOORLINGBEHUISING 1961.

NATIVE HOUSING LEVY AND CONTRIBUTIONS ORDINANCE, 1961.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie Insaake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) die onderstaande wysiging goedgekeur van Goewermentskennisgewing 152 van 1963).

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 3 of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) approved the following amendment of Government Notice 152 of 1963.

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO.

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO.

Vervang die woorde en syfers "vyftig (50) sent" waar dit voorkom in paragraaf (ii) deur die syfers „R0,75”.

Substitute the figure "R0,75" for the words and figure "fifty (50) cent" where they appear in paragraph (ii).

No. 115.]

[1 Julie 1972.

Die Administrateur het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goedgekeur.

MUNISIPALITEIT VAN LÜDERITZ:

VLEIS- EN SLAGPLAASREGULASIES.

HOOFSTUK I

WOORDOMSKRYWING.

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

„dier” iedere bul, os, jongos, koei, vers, tollie, kalf, skaap, lam, bok, vark of ander dier die vleis waarvan gewoonlik vir menslike verbruik bedoel word;

„gesondheidsbeampte” die mediese gesondheidsbeampte of verantwoordelike gesondheidsinspekteur van die Raad;

„munisipaliteit” die gebied wat binne die beheer en regsrag van die Raad ressorteer;

„Ordonnansie” die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963);

„Raad” die Raad van die Munisipaliteit van Lüderitz;

„slagplaas” die munisipale slagplaas waarin alle diere waarvan die vleis vir menslike verbruik binne die munisipaliteit bedoel is, geslag moet word en waarin alle huide, velle en afval skoongemaak en bewerk sal word, en sluit in alle geboue, ruimtes en hokke binne die slagplaasterrein wat deur die Raad verskaf word;

„slagter” ’n persoon of maatskappy of firma wat in besit is, of in besit moet wees van ’n slagterslisensie uitgereik kragtens die betrokke wet;

„slaghuys” ’n perseel wat gebruik word vir die verkoop van vleis en die hou, bewaring, bereiding of uitstalling van vleis wat vir verkoop bedoel is, of andersins vir die doel van ’n slagtersbesigheid, en behels die verkoopslokaal en verwante vertrekke;

„vleis” die karkas of vleis of afval van ’n bul, os, jongos, koei, vers, tollie, kalf, skaap, lam, bok, vark of ander dier wat gewoonlik vir menslike verbruik bedoel word en sluit in wors, gedroogte vleis of biltong en polonie, maar nie ingemaakte vleis nie;

„stempel” die merk van vleis met ’n stempel wat deur die Direkteur goedgekeur en geregistreer is asook enige ander bykomende metode van merk van vleis, soos deur die Direkteur na gelang van omstandighede vereis word;

„superintendent” die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking beklee of in die hoedanigheid optree van superintendent van die Raad se slagplaas, of sy behoorlike gemagtigde verteenwoordiger;

„verkoop” verkoop by die groot- of kleinmaat en beteken by die gewone betekenis ook om ter verkoop aan te bied, te adverteer aan te hou, uit te stel, te stuur en versend, vervoer of af te lewer of ’n verkoop te magtig, te gelas, of toe te laat, of ter verkoop te berei of te besit, en dit beteken voorts om te ruil, of om om te ruil, of om te verskaf of oor te beskik teen regstreekse of onregstreekse vergoeding, en die woord „verkoper” het ’n ooreenstemmende betekenis;

No. 115.]

[1 July 1972.

The Administrator has under and by virtue of the provisions of section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations.

MUNICIPALITY OF LÜDERITZ:

MEAT AND ABATTOIR REGULATIONS.

CHAPTER I.

DEFINITIONS.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

“abattoir” shall mean the municipal abattoir in which all animals, the meat of which is intended for human consumption within the municipality shall be slaughtered and in which all hides, skins and offal shall be cleaned and shall include all buildings, spaces and lairages situated within the area of the abattoir provided by the Council;

“animal” shall mean every bull, ox, young ox, cow, heifer, tolly, calf, sheep, lamb, goat, pig or any other animal, the meat of which is normally used for human consumption;

“butcher” shall mean any person or company or firm in possession of or required to be in possession of a butcher’s licence issued in terms of the relevant law;

“meat” shall mean the carcass, meat or offal of any bull, ox, young ox, cow, heifer, tolly, calf, sheep, lamb, goat, pig or any other animal, the meat of which is normally intended for human consumption and shall include sausages, dried meat or biltong and polonies, but not canned or preserved meat;

“butchery” shall mean any premises used for the sale of meat and for keeping, preparing or exposing meat intended for sale, or used in any other way for the purpose of a butcher’s business and includes the shop and associated rooms;

“Council” shall mean the Council of the Municipality of Lüderitz;

„health officer” shall mean the medical officer of health or the responsible health inspector of the Council;

“meat product” shall mean any product made of meat with spices and condiments, with or without farinaceous or other vegetable substances;

“municipality” shall mean the area falling under the control and jurisdiction of the Council;

“Ordinance” shall mean the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);

“sell” shall mean sell by wholesale or retail and in addition to its ordinary meaning includes offer, advertise, keep, expose, transmit, consign, convey or deliver for sale, or authorise direct or allow a sale, or prepare or possess for purpose of sale, and further means barter, or exchange or supply or disposal for any consideration direct or indirect and the words “seller”, “selling”, “sale” and “sold” have a corresponding meaning;

“stamp” shall mean the branding of meat with a stamp approved and registered by the Director, and also any other additional method of branding of meat, as may be required by the Director as the case may be;

„vleisprodukt” ’n produk gemaak van vleis met speserye en kruie, met of sonder melerige of ander plant-aardige stowwe;

en het enige ander woorde en uitdrukkings waaraan in die Ordonnansie ’n betekenis gegee word, ’n ooreenstemmende betekenis.

VERBOD OP SLAG ELDERS AS BY DIE SLAGPLAAS.

2. Niemand mag binne die munisipaliteit enige dier, waarvan die vleis vir menslike verbruik bedoel word, slag nie, behalwe in die slagplaas. Gelde vir die gebruik van die slagplaas en vir die slagting van diere word gehef soos uiteengesit in Bylae A.

INVOER VAN VLEIS IN DIE MUNISIPALITEIT.

3. Niemand mag in die munisipaliteit vleis, uitgesonderd wild, invoer of toelaat dat dit ingevoer word nie, tensy sodanige vleis: —

- (i) in ’n goedgekeurde slagplaas geslag is; en
- (ii) met ’n goedgekeurde en geregistreerde stempel gemerk is; of
- (iii) vergesel gaan van ’n sertifikaat van die Direkteur, gesondheidsbeampte of goedgekeurde veearts, waarin gesertifiseer word dat sodanige vleis behoorlik ten tyde van die slag geïnspekteer en vry van siekte, gesond en geskik vir menslike verbruik gevind is.

INBRING VAN VLEIS VIR EIE GEBRUIK.

4. Geen bepaling vervat in regulasie 3 van hierdie regulasies is van toepassing as iemand wat self vleis in die munisipaliteit inbring vir sy eie uitsluitlike *bona fide* huishoudelike verbruik nie: Met dien verstande dat hierdie vrystelling slegs geld waar die massa van die vleis wat deur so iemand op ’n keer in die munisipaliteit ingebring word, nie vyftig kilogram (50 kg) of een identifiseerbare karkas van ’n besondere dier, oorskry nie, tensy so iemand vooraf skriftelik deur die gesondheidsbeampte gemagtig is om meer vleis aldus in te bring.

HOOFSTUK II

SLAGPLAAS.

TOEGANG TOT SLAGPLAAS.

5. (a) Die reg van toegang tot die slagplaas is beperk tot persone wat *bona fide* betrokke is by wettige slagplaas-sake, en nadat toestemming van die behoorlike gemagtigde beampte of verteenwoordiger van die Raad verkry is.

(b) Alle persone moet die slagplaas verlaat wanneer hulle sake afgehandel is.

UITSLUITING VAN PERSONE OF DIERE.

6. (a) Die Raad of sy behoorlike gemagtigde beampte kan aan enige persoon wat hom onbehoorlik gedra of wat enigeen van hierdie regulasies oortree, vir sodanige tydperk as wat dienlik geag word, toegang tot die slagplaas ontsê.

(b) Niemand mag hom met enige beampte of goedere van die Raad of met enige dier bemoei sonder behoorlike magtiging daartoe nie.

(c) Niemand mag die slagplaas-terrein betree nadat die superintendent dit laat sluit het of nadat hy sodanige persoon gelas het om die perseel te verlaat nie: Met

„superintendent” shall mean the person from time to time holding the position of or acting as the superintendent of the Council’s abattoir or his duly authorised representative;

and any other words and expressions shall have the same meaning as those assigned to them in the Ordinance.

PROHIBITION OF SLAUGHTERING IN PLACES OTHER THAN THE ABATTOIR.

2. No person shall, within the municipality, slaughter any animal, the meat of which is intended for human consumption, in any place other than the abattoir. Fees for the use of the abattoir and slaughtering of animals shall be charged as stated in Schedule A.

IMPORTATION OF MEAT INTO THE MUNICIPALITY.

3. No person shall introduce or allow to be introduced meat other than game, into the municipality unless such meat: —

- (i) has been slaughtered in an approved abattoir; and
- (ii) has been stamped with an approved and registered stamp; or
- (iii) is accompanied by a certificate from the Director, health officer or approved veterinary surgeon, certifying that such meat has been duly inspected at the time of slaughter and found to be free of disease, sound and fit for human consumption.

IMPORTATION OF MEAT FOR OWN USE.

4. No provision contained in regulation 3 of these regulations shall apply to any person introducing meat into the municipality in person for his own exclusive *bona fide* domestic consumption. Provided that this exemption shall only apply in cases where the mass of the meat introduced into the municipality by any such person at any time does not exceed fifty kilogrammes (50 kg) or one identifiable carcass of a specific animal, unless such person has been authorised in advance and in writing by the health officer so to introduce more meat.

CHAPTER II.

ABATTOIR.

ADMISSION TO ABATTOIR.

5. (a) The right of admission to the abattoir is restricted to persons who are *bona fide* concerned with legitimate abattoir matters and who have obtained the prior permission of the duly authorised official or representative of the Council.

(b) All persons shall leave the abattoir upon completion of their business.

EXCLUSION OF PERSONS OR ANIMALS.

6. (a) The Council or its duly authorised official shall have the right to refuse permission to the abattoir for such period as may be deemed expedient, to any person who conducts himself improperly or who contravenes any of the provisions of these regulations.

(b) No person may without proper authority interfere with any official or property of the Council or with any animal.

(c) No person may after the superintendent has closed the abattoir premises or ordered such person to leave such premises, be or remain on such premises: Provided

dien verstande dat die eienaar of sy verteenwoordiger diere, vir slagtingsdoeleindes mag aflaaï by die staankrale buite normale werksure op eie risiko.

(d) Niemand mag 'n dier wat nie vir slagting bedoel is in die slagplaas-terrein inbring nie.

URE VAN DIE SLAGPLAAS.

7. (a) Die slagplaas is vir die ontvangs van slagdiere oop op Maandae tot Vrydae vanaf 08.00 tot 13.00.

(b) Die uitreiking van vleis en afval geskied vanaf 08.00 tot 13.00 en vanaf 14.15 tot 16.00 op Maandae tot Vrydae.

INBRING VAN DIERE EN KARKASSE.

8. Geen diere of karkasse mag op die slagplaasperseel ingebring word sonder die voorafverkreë toestemming van die superintendent of sy behoorlike gemagtigde verteenwoordiger nie.

BEHANDELING EN SLAG VAN DIERE.

9. Alle diere of karkasse of dele van karkasse word, op die wyse deur die Raad bepaal, behandel en geslag. Geen aanspreeklikheid vir die oorhou of vertraging van slagtings word deur die Raad aanvaar nie.

DIERE WAT ONTSNAP.

10. Indien enige dier ontsnap uit die slagplaas en persone of eiendom in gevaar stel, kan die superintendent na goeddunke die vernietiging daarvan buitekant die verdowingshokke gelas. Die Raad is nie vir die verlies van enige dier, hoe dit ook al ontstaan, aanspreeklik nie.

SLAG VAN DRAGTIGE DIERE.

11. Die superintendent kan weier om toe te laat dat enige dier wat na sy mening in 'n gevorderde staat van dragtigheid is, geslag word. Die beslissing van die superintendent is finaal en die Raad is nie aanspreeklik indien sy oordeel foutief is nie.

SLAGPROGRAM.

12. Die superintendent reël 'n slagprogram wat by die goeie werkverrigting van die slagplaas inpas. Ingeval hy reël dat diere in die krale of vleis in die koelkamers oorgehou moet word, is die eienaar aanspreeklik vir enige bykomstige gelde, ooreenkomstig die heffingstarief, wat as gevolg van sodanige oorhouding verskuldig word.

DELE WAT DIE RAAD SE EIENDOM WORD.

13. (a) Alle bloed, oorskotte, pensmis, ongebore diere, afgekeurde karkasse of dele van karkasse, sowel as varkhare, en alle ander afvalprodukte, behalwe goedgekeurde karkasse of dele van karkasse (insluitende koppe, harslae, derms, pense, pote, huide en velle wat ten genoë van die superintendent skoongemaak is) word die Raad se eiendom.

(b) Na sluitingstyd op elke dag word daar oor alle vleis, afval, koppe, pote, en harslae wat nog voorhande is, of daar gelde ten opsigte daarvan gehef is of nie, na goeddunke van die superintendent en met inagneming van die Raad se belange, beskik.

GEBRUIK VAN MASJIENE, TOERUSTING EN GEREEDSKAP.

14. Alle masjinerie, toerusting en gereedskap in die slagplaas mag slegs vir die doel waarvoor sulke toerusting

that the owner or his representative may off-load animals, for slaughtering, at the lairages after working hours at the owner's risk.

(d) No person may bring into the abattoir premises any animal not intended for slaughtering.

ABATTOIR HOURS.

7. (a) The abattoir will be open for the receipt of slaughter animals from 08.00 to 13.00 on Mondays to Fridays.

(b) Meat and offal will be issued from 08.00 to 13.00 and from 14.15 to 16.00 on Mondays to Fridays.

INTRODUCTION OF ANIMALS AND CARCASSES.

8. No animals or carcasses may be introduced into the abattoir premises without the prior approval of the superintendent or his duly authorised representative.

TREATMENT AND SLAUGHTERING OF ANIMALS.

9. All animals or carcasses or portions of carcasses shall be slaughtered and treated in the manner determined by the Council. The Council shall accept no responsibility for any claims arising from the delay or postponement of any slaughtering.

ANIMALS WHICH ESCAPE.

10. In the event of any animal escaping from the abattoir and endangering any person or property, the superintendent may, in his discretion, order such animal to be destroyed outside the stunning pens. The Council shall accept no responsibility for the loss of any animal in any manner whatsoever.

SLAUGHTERING OF PREGNANT ANIMALS.

11. The superintendent may, in his discretion, refuse to slaughter any animal which, in his opinion, is in an advanced state of pregnancy. The ruling of the superintendent shall be final and the Council shall accept no responsibility in the event of an error of judgement on his part.

SLAUGHTERING PROGRAMME.

12. The superintendent shall arrange a slaughtering programme to fit in with the efficient management of the abattoir. In the event of his ruling that animals or meat shall be held over in the lairages or the coldrooms, as the case may be, the owner shall be liable for any additional charges, in accordance with the tariff of charges, which may be occasioned by such holding over.

PARTS WHICH BECOME THE COUNCIL'S PROPERTY.

13. (a) All blood, remnants, paunch contents, unborn animals, condemned carcasses or portions of carcasses and hogshair as well as all other waste materials, with the exception of approved carcasses or portions of carcasses (which include heads, plucks, intestines, stomachs, trotters, hides and skins which have been cleaned to the satisfaction of the superintendent) shall become the property of the Council.

(b) After closing time on every day, all meat, offal, heads, trotters and plucks still on hand, irrespective of whether or not any fees have been levied in respect thereof, shall be disposed of by the superintendent in his discretion and with due regard to the interests of the Council.

USE OF MACHINERY, EQUIPMENT AND TOOLS.

14. All machinery, equipment and tools in the abattoir shall be used for the purpose for which they are

bedoel is, en in ooreenstemming met die superintendent se voorskrifte gebruik word. Geen stuk gereedskap of toerusting mag sonder die uitdruklike toestemming van die superintendent uit die slagplaas verwyder word nie.

VERWYDERING VAN BLOED UIT DIE SLAGPLAAS.

15. Geen bloed mag uit die slagplaas verwyder word nie, behalwe onder dekking van 'n skriftelike toestemming van die superintendent, in houe wat deur hom goedgekeur is.

ONDERSOEK EN MERK VAN KARKASSE.

16. (a) Die superintendent moet elke karkas of deel van 'n karkas ondersoek om vas te stel of dit siek, besmet, ongesond of ongeskik vir menslike verbruik is. By en vir die doel van sodanige ondersoek kan hy enige karkas of deel van 'n karkas sny, hanteer, bewerk of oorhou soos dit na sy mening nodig of dienlik blyk.

(b) Geen karkas of deel van 'n karkas mag verwyder word nie tensy die Raad se geregistreerde stempel van goedkeuring op so 'n karkas of deel van 'n karkas aanbring is nie.

HUIDE EN VELLE.

17. Alle huide en velle word so gou doenlik na slagting deur die Raad se werknemers na huide- en vellekamers verwyder, waar hulle deur werknemers van die eienaar of koper met sout bewerk moet word.

RUS VAN DIERE.

18. Alle diere moet minstens 12 uur lank in die betrokke krale of hokke rus voordat hulle geslag word. Indien die superintendent beslis dat 'n dier langer moet rus, word die eienaar of agent vir die bykomende koste aanspreeklik gehou. In alle gevalle is die oordeel van die superintendent finaal en bindend.

DEURSNY VAN KARKASSE.

19. Tensy die superintendent om afdoende redes anders beslis, mag net karkasse met 'n groter massa as 50 kg in die slagplaas in twee gedeeltes word om hantering te vergemaklik.

VERKOELING VAN KARKASSE.

20. Alle karkasse moet eers, ten genoeg van die superintendent, behoorlik verkoel word in die koelkamers alvorens hulle van die perseel verwyder word. Die oordeel van die superintendent is in alle gevalle finaal en bindend.

HANDELDRYF IN DIE SLAGPLAAS.

21. Geen handel of besigheid van enige aard in diere, karkasse of afval word in die slagplaas toegelaat nie.

STRAFBEPALING.

22. Elkeen wat skuldig bevind word weens die oortreding van enige bepaling van hierdie regulasies, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100,00 of, by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en, in die geval van 'n aanhoudende oortreding, met 'n verdere boete van R4,00 vir elke dag wat die oortreding voortduur.

23. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 136 van 1923, soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby herroep.

intended and in accordance with the directions of the superintendent only.

No tool or item of equipment may be removed from the abattoir without the express sanction of the superintendent.

REMOVAL OF BLOOD FROM THE ABATTOIR.

15. No blood may be removed from the abattoir except under cover of a written permission of the superintendent, and then only in receptacles approved by him.

INSPECTION AND STAMPING OF CARCASSES.

16. (a) The superintendent shall inspect each and every carcass or portion of a carcass in order to ascertain whether it is sick, contaminated, unsound or unfit for human consumption. During and for the purpose of such inspection he shall have the right to cut, handle, dress or hold over such carcass or portion of a carcass as he may in his discretion deem necessary or expedient.

(b) No carcass or portion of a carcass may be removed unless and until the Council's stamp of approval has been placed thereon.

HIDES AND SKINS.

